Van die redakteurs

Johann Symington

Pieter Fourie

Johann skryf:

Die genadegawe van onbekwaamheid

Die afgelope paar dekades lank reeds raak kerkrade en selfs predikante al hoe meer geïnteresseerd in die professionalisering van die predikantsberoep. Bepaalde arbeidswetgewing het die proses aangehelp, maar op voetspoor van die sakewêreld waar prestasie gemeet word, is daar tans 'n soeke na gepaste kriteria waarmee dominees gemeet kan word.

Sommige predikante dink ook professionalisering sal 'n goeie ding wees: Jou werksure is afgebaken. As jy jou kantoordeur sluit, is jy verlos van die telefoon en selfoon, sonder dat jy skuldig voel. Lidmate is kliënte. Jy ontvang hulle in jou kantoor, verkieslik by die kerkkompleks sodat jou gesin nie opgesaal word met jou werk nie. Jy beskik oor 'n besigheidskaartjie en 'n uitgebreide CV waarin jou prestasies ten toon gestel word, terwyl twee of drie referente jou lof besing. Jy is 'n kompeteerder op die oop mark – altyd reg vir 'n skuif indien die ander plek se profiel jou (en veral jou sak) beter pas.

Sowel kerkrade as predikante se soeke na die professionalisering van die beroep spruit uit 'n bepaalde ongemak met die huidige beoefening daarvan. Kerkrade voel hulle wil meer doeltreffend bedien word. Op hulle beurt weer voel dominees dat hulle nie so oorspan wil word dat dit vir hulle voel asof hulle vier en twintig uur, sewe dae 'n week, beskikbaar moet wees nie.

In sy preek tydens die afskeidseremonie van 'n klompie proponente by sy kweekskool, het Sudduth Rea Cummings in 'n heel ander trant gepraat. Hy het die studente op die genadegawe van onbekwaamheid of onbeholpenheid gewys. Professionalisering is nie vir hom die regte pad nie, onbeholpenheid wel.

Sy rolmodel is Tomas. Alhoewel sy eksegese geforseerd voorkom, wil Cummings die punt maak dat Tomas soos 'n seer duim uitsteek as jy na die dissipelspan kyk. Om dit te staaf, gebruik hy drie insidente uit Johannes se beskrywing van Tomas.

Die eerste insident vind plaas rondom Lasarus se siekte, waar die dissipels voorstel dat Jesus liewers nie na hom toe moet gaan nie. So 'n besoek is vir Jesus, en vir hulleself, lewensgevaarlik. Tomas reageer heftig daarop en roep hulle op tot onmiddellike aksie, al beteken dit dat hulle mag sterwe. Hy raak ongeduldig met die fyn voetwerk van die ander dissipels en verklaar hom summier solidêr met Jesus (Joh 11: 6). Dié optrede mag kragdadig lyk, maar werf nie stemme as dit om leierskap gaan nie. Tomas hanteer die saak onbeholpe.

Die tweede insident speel af toe Jesus vir sy dissipels vra om nie ontsteld te word as Hy weggaan nie, veral omdat hulle weet waarheen Hy gaan (Joh 14). Tomas onderbreek Jesus. Hy erken doodeerlik dat Jesus hom nou êrens in die gesprek verloor het – weer 'n keer 'n teken van óf oningeligtheid óf pragmatisme. Jesus klink in sy antwoord ook 'n bietjie geïrriteerd: Wanneer sal die dissipels Hom tog verstaan!

Dan is daar die bekende gedeelte in Johannes 20:5 waar Tomas weier om die konsensusstandpunt van sy kollegas dat Jesus opgestaan het, net so te aanvaar. Hy soek 'n tasbare teken. Hy wil sy vinger in die wonde druk. Aanvanklik is hy afwesig, en as hy die slag by is, glo hy sy kollegas nie. Tomas staan hieroor bekend as die ongelowige!

Volgens Cummings moet ons mooi na die prentjie van Tomas kyk as ons die bediening wil verstaan. Hy verbloem nie sy tekortkominge nie; hy besef hoe voller hy van homself is, hoe minder bruikbaar is hy in die koninkryk van God – soos Psalm 69 sê: "... my verkeerde dade kan ek tog nie vir U wegsteek nie."

Volgens Cummings is hierdie grondhouding van onbekwaamheid die beste gawe vir 'n volgeling van Jesus. Ook vir 'n predikant. Omdat Tomas sukkel om reg op te tree en sy onbekwaamheid nie verbloem nie, maar daarmee erken dat hy arm van gees is, kan hy met soveel oorgawe bid: "My Here en my God!"

Tomas is die dissipel wat openlik roem in sy swakhede sodat God deur hom kan werk. Anders as die fariseër wat roem op sy bekwaamheid, is Tomas die tollenaar wat bid: "Here, kom my ongeloof te hulp!

Hierdie genadegawe van die apostel Tomas, volgens Cummings, is die sleutel tot 'n geseënde bediening – of die beroep geprofessionaliseer word al dan nie.